



www.diehoopprojek.co.za/taal



UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvenoot • your knowledge partner

Taal – 'n Draer van Hoop

UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY

HOOP
PROJEK

www.diehoopprojek.co.za

Uphando lobungqina limfunoo zesayikholoji
ezipathelene nentlalo

Ikkhadi elityheli

Koelkas

Sin bin

Ukugabelisa emveni kokufaka

VERDOEL 'N DRIE

kaart

Psigososiale behoeftes

Kweekhuis effek

Green house effect

"Sonder taal, kan jy nie met mense praat of hulle verstaan nie; jy kan nie deel in hulle hoop en aspirasies nie, of hulle geskiedenis verstaan, hulle poësie waardeer, of hulle liedere geniet nie."

- Nelson Mandela (vertaal uit Long Walk to Freedom)

SOCIAL LEGISLATION

Ikkhadi elityheli

uphando lwemarike

beoortdeling

Marknavorsing

Geboortekohort

Umthetho wezentlalo

Yellow card

organisasie sonder winsbejag

Umbutho ongasinguwo owenzuzo

Ituthe legondo lobushushu
obugcayiselekleleyo

Not for profit organisation

Taal nie meer 'n hindernis

Sedert die ontstaan van die nuwe Suid-Afrika in 1994 het die Universiteit Stellenbosch (US), tesame met die res van die land, beduidende veranderinge ondergaan. Danksy 'n institusionele verbintenis tot, en 'n doelbewuste posisionering as 'n akademiese tuiste vir almal, asook 'n bouer van HOOP in Afrika, het die Universiteit al belangrike transformasie-mylpale bereik. Hoewel daar nog baie op hierdie terrein gedoen moet word, is die Universiteit toegewyd en hard aan die werk om in 'n instelling te verander waar diversiteit, meertaligheid en veelvuldige kulture gedy.

Die persepsie dat die Universiteit Stellenbosch grootliks 'n 'Afrikaanse universiteit is waar Afrikaners studeer' is nie meer geldig nie. Die Universiteit spits hom nou toe op meertaligheid, en as mens op kampus rondloop, sal jy Afrikaans, Engels en isiXhosa hoor. Meertaligheid is nou verbind aan die Universiteit se transformasie-doelwitte en die kwessie van taalbesluit word vanuit 'n mens-georiënteerde perspektief benader. Gegewe Suid-Afrika se diversiteit, word taal as 'n instrument van bemagtiging beskou, en die instansie streef na 'n balans tussen toeganklikheid en sukses vir alle studente, en die behoeftes van verskillende taalgemeenskappe, onder meer ook Afrikaanssprekendes, die US se tradisionele ondersteunersgroep.

Onderrigtaal

'n Enkele onderrigtaal sou 'n hindernis vorm vir voornemende studente wat nie vlot in daardie taal kan funksioneer nie. Ons bevorder groter toegang deur Engels en Afrikaans, die twee hoof-onderrigte op hoërskoolvlak, ook as ons onderrigte te benut. Aangesien behoeftes van fakulteit tot fakulteit kan verskil, het ons 'n driediege benadering gekies:

- Parallelmediumonderrig met afsonderlike Afrikaanse en Engelse bane.
- Dubbelmediumonderrig waar albei tale in dieselfde klaskamer gebruik word.
- Enkelmediumonderrig, met 'n moontlikheid van tolking.

Taal – 'n Draer van Hoop

Die Universiteit Stellenbosch neem taalbeplanning in die Hoër Onderwys so ernstig op dat dit die makroprojek *Taal – 'n Draer van Hoop* by die Universiteit se HOOP Projek (www.diehoopprojek.co.za) ingesluit het. Die uitgangspunt van hierdie projek is vervat in die slagspreuk: *Geen ontwikkeling of bemagtiging sonder taalontwikkeling of -bemagtiging nie.*

In die groter makroprojek fokus ons op die belang van verbeterde taalvaardigheid, die rol van meertaligheid, en ons besondere verantwoordelikheid om Afrikaans en die Afrikatale, veral isiXhosa, binne ons meertalige konteks te bevorder. 'n Fyn seleksie van projekte wat op hierdie verantwoordelikhede afgestem is, is reeds gevestig of word geïmplementeer. Dit sluit streng akademiese projekte op kampus, tot vernuwendes gemeenskapsprojekte in.

'n Inisiatief van die HOOP Projek

Die makroprojek, *Taal – 'n Draer van HOOP*, is een van meer as dertig inisiatiewe onder die vaandel van die Universiteit Stellenbosch se HOOP Projek wat daarop toegespits is om die wetenskap aan te wend in die soeke na oplossings vir Suid-Afrika en Afrika se grootste uitdagings.

Die HOOP Projek lê diep gewortel in die Universiteit se drie kernfunksies van leer en onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie. Hierdie inisiatiewe plaas die wetenskap tot diens van die mens en sy behoeftes, en ondersteun een of meer van die vyf internasionale ontwikkelings temas wat die Universiteit Stellenbosch uitgekies het: die uitwissing van armoede en verwante toestande; bevordering van gesondheid en menswaardigheid; bevordering van demokrasie en menseregte; bevordering van vrede en veiligheid; en die bevordering van 'n volhoubare omgewing en 'n kompeterende industrie.

Deur hierdie inisiatief dra die Universiteit by tot die bevordering van menswaardigheid deur die erkenning van taaldiversiteit en die bemagtiging van duisende mense wat binne 'n meertalige omgewing moet kan funksioneer. Die sentrum vervul hierdie rol deur geleterheidsvlakke te verbeter en die suksesvolle studie van studente te ondersteun.

Geen ontwikkeling of bemagtiging sonder taalontwikkeling of -bemagtiging nie.

Taalprojekte

Navorsing, veral in eie land en op eie vasteland, toon duidelik aan dat die ontwikkeling en bemagtiging van ons mense alleen sal gebeur as ons allereers aandag skenk aan effektiewe taalontwikkeling en taalbemagtiging.

In ons uitlewing van hierdie ideaal fokus ons graag op die volgende projekte:

- Leesontwikkeling
- Die Bevorderingsplan vir Afrikaans
- Die Bevordering van isiXhosa as Afrikataal
- Die Navorsingsprogram: Taalontwikkeling en Taalbemagtiging

Leesontwikkeling

Die leesontwikkelingsprojek word verdeel in twee deelprojekte:

- Leeslaboratorium vir die Universiteit Stellenbosch
- Gemeenskapsontwikkelingsprojek wat boekgeletterdheid en leesvaardighede in laer- en hoërskole in die Wes-Kaap bevorder

Die stigting van 'n **leeslaboratorium** word genoodsaak deur die onvoorbereidheid vir tersiêre studie van 'n beduidende aantal studente. Een van die redes vir hierdie onvoorbereidheid is die lae akademiese geletterdheidsvlakke van studente, waaronder hulle onvermoë om effektief met groot hoeveelhede akademiese materiaal om te gaan. In verskeie studies word aangetoon dat 'n beduidende persentasie van ons studente oor gebrekkige strategiese leesvaardighede beskik. Daarom word daar in 2013 'n leeslaboratorium gevestig.

Die **gemeenskapontwikkelingsprojek** het ten doel om boekgeletterdheid en leesvaardigheid in skole te help ontwikkel. Op die oomblik word 34% van Suid-Afrika se bevolking as funksioneel ongeletterd beskou en uit 'n literatuurondersoek blyk bv. dat slegs 10% van die leerlinge in Graad 6 volgens

internasionale standaarde 'n aanvaarbare vlak van geletterdheid bereik. Die afgelope paar jaar is die Suid-Afrikaanse publiek gereeld gekonfronteer met beriggewing en verslagdoening wat daarop dui dat die geletterdheidsituasie in Suid-Afrika versleg het. Binne die konteks van die denke van die HOOP Projek is die vooruitsigte vir hierdie deel van die bevolking minder hoopvol en is dringende en veral grootskaalse ingryping van die uiterste belang. Hierdie projek verteenwoordig so 'n ingreep. Sonder 'n beduidende poging om die probleem aan te spreek sal die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse gemeenskap voortdurend onder druk bly – 'n situasie wat tot nadeel strek van almal in die land. Hierdie gemeenskapsontwikkelingsprojek is moontlik danksy 'n vennootskap tussen die Taalsentrum en die WOW-projek, en word uitgevoer in samewerking met Biblionef, 'n boekskenkingsagentskap in Kaapstad, en Edulis, die Onderwysbiblioteek en -inligtingsdiens van die Wes-Kaapse Departement van Onderwys.

Bevorderingsplan vir Afrikaans

Die Universiteit Stellenbosch het nog altyd 'n besondere band gehad met Afrikaans as belangrike taal binne die Suid-Afrikaanse talebestel. Die Universiteit se Bevorderingsplan vir Afrikaans het die volgende belangrike uitgangspunte:

- Die Bevorderingsplan vir Afrikaans van die Universiteit Stellenbosch is in die eerste instansie 'n waardegedrewe inisiatief en nie 'n ideologies-gedrewe inisiatief nie.
- Die Universiteit aanvaar dat Afrikaans 'n kwesbare kulturele bate is. Die Universiteit aanvaar daarom dat hy 'n verantwoordelikheid teenoor Afrikaans het.
- Die Universiteit wil Afrikaans bevorder binne die konteks van meertaligheid. Dit beteken dat Afrikaans dus binne 'n diverse sosio-kulturele ruimte funksioneer.
- Die Universiteit erken die rol van Afrikaans as 'n belangrike instrument van bemagtiging binne die groter Suider-Afrikaanse konteks.

Woordfees en WOW-projek

Die Woordfees van die Universiteit Stellenbosch is 'n viering van die woord in soveel vorme moontlik – soos poësie, prosa, debat, verskillende vorme van drama en musiek. Die fokus val op Afrikaans, maar ander tale waarmee geografiese of ander verwantskappe bestaan (onder meer van Afrika en die Nederlande) is ook welkom. Die fees is gerig op studente, skoliere en die publiek en wil so inklusief moontlik wees.

Die Woordfees, wat in 2011 'n kykNET Fiesta vir die gewildste Afrikaanse kunstefees ontvang het, het sedert sy ontstaan in 2000 gegroei van 'n klein deurnagfees met 'n bywoningstal van 1 000 mense tot een van die hoogtepunte op die Suid-Afrikaanse kunstefees-kalender, met 90 185 feesbesoeke in 2012.

Die Woorde Open Wêreld (WOW) jaarprojek van die Woordfees vir die bevordering van lees en die kunste, speel 'n kardinale rol om 'n verskil in die lewenskwaliteit van minderbevoorregte gemeenskappe te maak deur kinders bloot te stel aan opvoedkundige geleenthede en hoopgewende toekomsvooruitsigte. Sedert 2003 bemagtig die Woordfees se WOW-projek leerders met 'n groot aantal projekte wat lees, die letterkunde en die kunste bevorder. Belowende leerders word geïdentifiseer en beurse word aan hulle toegeken vir tersiêre studie.

Bevordering van isiXhosa as Afrikataal

Die ontwikkeling van Afrika, en daarom sekerlik ook van Suid-Afrika, is onlosmaaklik verbind aan die ontwikkeling (en dikwels die gebrek aan ontwikkeling) van die tale van Afrika. Uit talle verslae (o.a. van UNESCO) en publikasies blyk duidelik dat ontwikkeling op ons vasteland gekortwiek word deur die gebrekkige ontwikkeling en waardering van die talerykdom. Ons het daarom almal 'n verantwoordelikheid om te verseker dat hierdie taalskat nie verlore gaan nie, maar dat dit juis uitgebou word tot voordeel van die ontwikkelingsstaak wat so noodsaaklik is vir die welstand van ons omgewing.

Die Universiteit Stellenbosch voer hierdie verantwoordelikheid uit deur opleiding in Xhosa en die terminologiese ontwikkeling van Xhosa in die akademiese omgewing. Die terminologie-ontwikkelingsprojek het reeds 'n aantal wonderlike produkte



Mnr Pumlanzi Sibula, Hoof van die Eenheid vir isiXhosa, bevorder kulturele en taaldiversiteit, en help om isiXhosa tot 'n onderrigtaal in hoër-onderwys-instansies te ontwikkel deur middel van onder meer drietalige terminologiese. Hierdie lyste ondersteun isiXhosa-studente om tegniese terme op verskillende akademiese terreine beter te verstaan, en ook Afrikaanssprekende studente wat tegniese terme in Afrikaans en Engels kan vergelyk. Die terminologiese verskaf nie net die tegniese terme in drie tale nie, maar ook 'n kort beskrywing van elke term.

opgelewer in die vorm van 'n beduidende versameling terminologieë. Daarbenewens het die Taalsentrum ook soortgelyke akademiese terminologieë vir sosiologie, maatskaplike werk, regte, sielkunde en ekonomiese- en bestuurswetenskappe, asook as drietalige sportterminologieë vir sokker, krieket en rugby ontwikkel.

Navorsingsprogram

Tot dusver is al die genoemde projekte wat deel uitmaak van *Taal – 'n Draer van Hoop* gekoppel aan onderrig en leer, en gemeenskapsinteraksie – twee van die Universiteit se hoof doelwitte. As 'n akademiese instelling is al die US se

kundigheid gegrond op wetenskap – en dieselfde geld vir goeie taalbeplanning, wat nie moontlik is sonder goeie navorsing nie. Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse gemeenskap sal gebrek ly in die afwesigheid van goeie taalbeplanning. Daarom het die Universiteit 'n *Navorsingsprogram: Taalbemagtiging en Taalontwikkeling* waarbinne navorsing gedoen word oor die effektiewe implementering van die Taalbeleid en die sukses van taalintervensies.

Rol van die Universiteit Stellenbosch Taalsentrum

Die Universiteit Stellenbosch beskou taal as 'n bemagtigingsinstrument. Studente se akademiese prestasies verbeter wanneer taalhindernisse uit die weg geruim word, en dit open deure na 'n groter spektrum van loopbaanmoontlikhede – veral in Suid-Afrika met sy ryk taaldiversiteit. Die US Taalsentrum is daarom in 2002 gevestig om verskeie vorme van taalondersteuning te bied.

Taalbestuur in 'n meertalige konteks is 'n komplekse saak wat genuanseerde, weldeurdragte oplossings verg. Vanweë die Taalsentrum se taalbeplannings- en taalondersteuningsinisiatiewe, akademiese publikasies en gereelde deelname aan nasionale en internasionale konferensies oor taal en opvoedkunde, word die Universiteit Stellenbosch erken as 'n leier op die gebied van taalbestuur en taalontwikkeling.



Dienste van die Taalsentrum

Die Taalsentrum bied:

- krediet-draende kursusse in akademiese geletterdheid, taalverwerwing en professionele kommunikasie vir 2 800 studente;
- hulp met die ontwikkeling van skryfvaardighede vir meer as 4 000 studente;
- kortkursusse vir 1 200 nagraadse studente;
- kortkursusse in Afrikaans, Engels en isiXhosa vir personeel en studente;
- ondersteuning van honderde internasionale studente deur kursusse in Afrikaans, Engels en isiXhosa;
- taaldienste vir personeel, studente en eksterne kliënte: vertaling, redigering en tolkdienste;
- akademiese geletterdheidstoetse wat alle voornemende studente moet aflê; en
- onderrig in isiXhosa en die ontwikkeling van isiXhosa terminologie.

Met die daarstelling van hierdie diens het die Universiteit Stellenbosch 'n juweel geskep wat werklik die belange van studente op die hart dra. Die wyse waarop dienste gelewer word, is deurgaans van 'n hoë standaard. Effektiwiteit spreek hier vanaf die oomblik wat daar geskakel word om 'n afspraak te maak. Die diens is flink en die personeel altyd vriendelik en ondersteunend. Die wete dat die Taalsentrum 'n betroubare diens lewer, verseker dat studente altyd op optimale akademiese ondersteuning kan reken. Baie dankie vir dit wat julle vir die studente en ook vir die universiteit beteken. Moet nooit twyfel aan die groot bydrae wat julle tot die groot prentjie hier lewer nie.

Suzanne Erasmus
(MMus)

'n Student se sukses word bevorder deur 'n verskeidenheid meganismes vir taalondersteuning, soos taalkursusse, ontwikkeling van lees- en skryfvaardighede en die vertaling van studiemateriaal.



Hoekom *Taal – ’n Draer van Hoop* ondersteun?

Die Universiteit Stellenbosch het in sy Taalbeleid innoverende taalbestuur as ’n doelwit gestel. Die beleid erken die US se verbintenis tot Afrikaans, maar in ’n konteks waar nóg die waarde van Engels as wêreldtaal, nóg die regmatige plek en rykdom van Afrikatale ontken word.

In die boek, *Long Walk to Freedom*, skryf voormalige President Nelson Mandela, wat ook ’n eredoktorsgraad van die US ontvang het: “Sonder taal, kan jy nie met mense praat, of hulle verstaan nie; jy kan nie deel in hulle hoop en aspirasies nie, of hulle geskiedenis verstaan, hulle poësie waardeer, of hulle liedere geniet nie.”

By die Universiteit Stellenbosch glo ons dat meertaligheid ’n gees van versoening en respek vir die ryk diversiteit wat die Afrika-vasteland bied, weerspieël. Maar ’n belegging in die taalvaardigheid van skoolleerders en universiteitstudente, die kweek van ’n liefde en waardering vir die letterkunde en die kunste, en intensiewe navorsing oor taalbeplanning en taalontwikkeling dra ook by tot die akademiese sukses van mense en die groeiende kennisbasis van ons instelling en ons land.

Deur sy ondersteuning aan die Taalsentrum, die Woordfees en die WOW-projek, onderrig- en navorsingsinisiatiewe, en die driedelige taalonderrigmodel maak die Universiteit ’n beduidende finansiële en kundighedsbydrae tot meertaligheid. Om hierdie inisiatiewe ’n stap verder te neem, en te soek na nuwe innovasies het die Universiteit vennootskappe nodig met die regering, maatskappye, nie-regeringsinstansies en individue

wat ons passie vir taaldiversiteit deel. Dit is een van die maniere waarop ons transformasie by die US kan versnel, mits ons op u filantropiese skenking of borgskap kan staatmaak.

SKENKINGS EN BORGSKAPPE

Die makroprojek, *Taal – ’n Draer van Hoop*, bied talle verskillende befondsingsmoontlikhede. Of u belangstel in die letterkunde en die kunste, die ontwikkeling van taalvaardighede, die ontwikkeling van isiXhosa as ’n wetenskapstaal, die skep van geleenthede vir opvoedkundig benadeelde leerders, akademiese navorsing of die bevordering van Afrikaans – ons sou graag ’n vennootskap met u of u maatskappy wil verken.

Befondsingsmoontlikhede

U skenking of borgskap sal bydra tot die uitbreiding en verdere ontwikkeling van suksesvolle inisiatiewe wat geletterdheid en meertaligheid bevorder.

ONTWIKKELINGSPROJEKTE	BEDRAG BENODIG
<u>Leesontwikkeling</u> - Uitbreiding van die Leeslaboratorium deur nuwe rekenaartegnologie, die ontwikkeling van gepaste programmering en skep van groter personeelkapasiteit. - Uitbreiding van projekte wat verdere leesontwikkeling na meer kinders in gemeenskappe bevorder.	R5 miljoen oor die volgende vyf jaar
<u>Plan vir die bevordering van Afrikaans, met inbegrip van Woordfees en WOW</u> - Bevordering van lees en boekgeletterdheid onder kinders deur gehalte-opleiding vir onderwysers.	R5 miljoen
<u>Bevordering van Afrikatale</u> - Uitbreiding van die Xhosa-terminologieprojek deur nog kundigheid en die ontwikkeling van ’n elektroniese databasis.	R2 miljoen
<u>Navorsingsprogramme</u> - Ondersteuning van navorsing oor die bestuur van meertaligheid	R1,5 miljoen

KONTAKBESONDERHEDE

PROJEK

Prof Leon de Stadler
Direkteur: Taalsentrum
Universiteit Stellenbosch
Tel: +27 21 808 2159
e-pos: lgds@sun.ac.za

SKENKINGS en BORGSKAPPE

Me Annamia van den Heever
Direkteur: Ontwikkeling
Universiteit Stellenbosch
Tel: +27 21 808 4895
e-pos: avdheever@sun.ac.za

LEES MEER

HOOP Projek: www.diehoopprojek.co.za
Universiteit Stellenbosch: www.sun.ac.za
Taalsentrum: www.sun.ac.za/taalsentrum
Woordfees: www.woordfees.co.za
Woorde open Wêrelde (WOW)-projek:
www.woordfees.co.za/wow



TAALSENTRUM
LANGUAGE CENTRE
IZIKO LEELWIMI



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY